# Afrikaanse Protestantse Kerk

*Rig alle korrespondensie aan die Direkteur van Kerkadministrasie vir aandag van:

**Direkteur:**
**Prof. IA Brink**
e-pos: direkteur@apk.co.za

**SKK verklaring insake genadedood**

'n Onlangse hooggeregshof uitspraak ten gunste van 'n terminale pasiënt om toegelaat te word om ondersteunde selfmoord te pleeg, het immers die moontlikheid tot ondersteunde selfmoord nou in SA geopen.

Vir medici wat voorstanders is van ondersteunde selfmoord kan tereg gevra word: wat van jul Hippokrates-eed? Daarin word o.a. gesê: *Ek sal geen gevaarlike medisyne vir iemand gee as hy daarvoor vra nie; ek sal ook nie so iets voorstel nie.*

'n Voormalige Amerikaanse chirurg, genl. Everett Koop, het jare gelede gewaarsku dat die mediese praktyk "cannot be both our healer and our killer"!

Die beskikbaarheid van allerlei middels wat mense kan doodmaak, het die belangstelling in genadedood (eutanasie) laat toeneem. Eutanasie-verenigings is in Engeland (1935) en die VSA (1938) gestig om aggressiewe genadedood te bevorder. In 1937 is genadedood in Switserland gewettig - mits die persoon wat die lewe beëindig niks daaruit gaan baat nie.

Die debat oor genadedood kan egter nie in wetlike en wetenskaplike isolasie benader word nie, want dis nie net 'n suiwer mediese of juridiese saak nie, maar ook 'n moreel-etiese.

Die **Handves van menseregte** (en die SA grondwet wat daarop geskoei is), verleen aan die postmoderne mens die **reg** om te kies wat met hom moet gebeur. Wanneer hy voel dat hy nie langer wil leef nie (omdat daar geen lewenskwaliteit meer in die vooruitsig is nie) is dit sy goeie reg om daaraan 'n einde te maak. Die keuse berus uiteindelik by homself en/of sy gesin.. Die Here speel geen rol in die uitoefening daarvan nie.

Die kerk getuig egter dat nie ie keuse nie, maar gehoorsaamheid aan die Bybel as die onfeilbaar geopenbaarde wil van God die enigste basis is waarop moreel-etiese beslissings geneem kan word. Die **Bybel** leer ons dat die soewereine God die mens geskep het na sy beeld en gelykenis **(Gen. 1:26)**. Die menslike lewe is dus 'n **heilige geskenk en genadevoorreg** uit God se hand **(Gen. 2:7)**. Gevolglik het Hy die alleenreg om die lewe wat Hy gegee het, weer te neem **(Job 1:21)**.

Intussen het ons die **roeping en plig** om met verantwoordelikheid teenoor ons Skepper die lewe voluit te geniet **(Pred.9:7; 11;9)**; ons liggame as tempels van die Heilige Gees te hanteer **(1 Kor. 6:19)** en onsself *nie mag wond of moedswillig in gevaar begewe nie*( **Heidelbergse Kategismus Son 40.105)**.

Toe Israel tussen lewe en dood kon kies, het die Here aan hulle gesê: "Kies die lewe" **(Deut. 30:19).**

Ons weet dat liggaamlike dood vir ons as sterflinge onvermydelik is **(Ps. 89:48 e.v.; Hebr. 9:27)**. God alleen is soewerein ook oor wanneer en hoe die dood sal intree. Job sê in **Job 30:23**: *Want ek weet: U wil my na die dood toe bring en na die huis waar al wat lewe saamkom.* In **Pred. 8:8b** word verklaar: ”...niemand het mag oor die dag van die dood nie”. Die Here God het die finale seggenskap oor die dood **(1 Kor. 15:26, 54-56; Hebr. 2:9, 14-15; Op. 21:4)**. Genadedood en ondersteunde selfmoord is dus menslike pogings om God van sy outoriteit te probeer beroof en hierdie reg vir onsself toe te eien.

Soms laat God toe dat ’n terminaal sieke lank ly voordat die dood intree; soms word lyding kort geknip. Niemand geniet lyding of die aanskoue daarvan nie. Lyding is egter nie sinloos nie – selfs lyding werk vir die gelowige ten goede mee. Omdat dit deel is van die raadsplan van God, verleen dit nie aan ons die reg om te besluit wanneer iemand moet sterwe nie!

Dikwels word God se doel deur lyding bekendgemaak: *Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar ’n dag van teëspoed kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie* (**Pred. 7:14)** {N.A.V. 83}. **Rom 5:3** leer ons dat verdrukking lydsaamheid kweek.

Daar is voldoende voorbeelde in die res van die Bybel waaruit ons kan aflei dat God met deernis luister na diegene wat uitroep om te sterf en wens dat hul lyding beëindig sal word, maar Hy gee tot die einde toe sin aan die lewe. Net God weet wat die beste is en SY tydsberekening – ook vir die dood – is volmaak.

Die fundamentele waarheid dat God soewerein is, bring ons by die slotsom uit dat ondersteunde selfmoord sonde is. Daardeur mis ons immers sy doel - *om in lewe en in sterwe aan Hom te behoort* **(Rom 14:7).** Hy alleen is die Beskikker oor die lewe en die dood.

Ons mag nooit voortydig ’n lewe wil beëindig nie, maar ons moet ook nie buitengewoon vêr gaan om die lewe ten alle koste te behou nie. Om aktief die dood te verhaas, is moreel-eties onregverdigbaar; om passief behandeling te weerhou, kan ook verkeerd wees. Om egter die dood sy natuurlike gang te laat gaan by ’n terminale siek persoon, is nie noodwendig verkeerd nie. Enigeen wat so ’n situasie in die gesig staar, moet God om wysheid bid **(Jak 1:5).**